Helderstem

www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

‘n Oomblik van heilige vreugde

Lukas 10:17-24 nooi ons in na ’n oomblik wat ek wil beskryf as heilige vreugde. 72 mense kry ’n opdrag om na mense te gaan met ’n kort kragtie boodskap: Vir julle is die koninkryk van God op hande. Anders gestel: “God’s kingdom is right on your doorstep”. Nog anders gestel: “Kom ontdek saam met my die Koningsheerskappy van God – Hy is ’n groter werklikheid as wat jy dink”. Dit is presies wat die 72 ervaar het: Hulle is geraak deur die heerskappy van God; hoe selfs die bose geeste hulself onderwerp het aan die gesag van God. Hulle het gesien en ervaar: God is Koning!

Jesus is ook oorstelp van vreugde. Doodgewone mense sien die koninkryk van God raak en dit doen iets aan hulle menswees. Jesus wat die opdrag van God die Vader gehad het om die Vader se hart aan mense te vertoon, was oorstelp van vreugde om te sien wat dit aan mense doen. Natuurlik was daar ook diegene wat gedink het hulle het ’n greep op God; hulle het eintlik nie die boodskap nodig nie – dit is waarskynlik die slim en geleerdes waarna Jesus verwys. Hulle was so vol van hulself dat daar nie plek is vir God nie.

Wanneer ek mense herinner aan die heerskappy van God; wanneer ek mense help om saam met my op pad te wees met God, met ander en die wêreld gee God aan ons hierdie oomblikke van heilige vreugde.

Sondag 3 Maart

'n Oomblik van heilige vreugde
Lukas 9:51-62

08:00 Meditatief	Danie O'Kennedy
08:00 Klassiek (doop)	Breda Ludik
09:30 Meditatief	Danie O'Kennedy
09:30 Informeel (doop)	Hannes Theron
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 HGG	Danie Möller
10:00 HB Village	Breda Ludik
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Pieter Gouws
19:00 Aandkerk	Hannes Theron

Deurkollekte: Walemera-projek

WiFi
Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - s%F5ByM2

Sondag 10 Maart

Belydenisaflegging

Lukas 11:33-53

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:00 Klassiek (doop)	Hannes Theron
09:30 Meditatief	Breda Ludik
09:30 Informeel	Paul Barnard
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 HGG	Danie O'Kennedy
10:00 HB Village	Hannes Theron
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Paul Barnard
19:00 Aandkerk	Danie O'Kennedy

Bid saam met ons vir die volgende mense:

Helene Swart - kanker
Fanie Schoeman - kanker
Sarel du Toit - kanker, beenmurgoorplanting behandelings
Ria Sass - heupoperasie
Danie Schoeman - hospitaal
Botha Marais - herstel na operasie
Paul en Michelle Swanepoel - ernstige gesondheidsprobleme
Van Zyl Siebert - kanker
Kerneels Erasmus - voetoperasie
Faan van der Westhuizen - ernstige rugoperasies en beenkanker
Evi van der Merwe – kankerbehandeling
Isella van der Walt se pa - dementia en in hospitaal
Hennie Albertyn - herstel na beroerte
Lizette van der Walt - been-murgkanker, besluit oor behanderling
Ilze Havenga - wag op nier-vervanging
Anne-Marie Visser - ernstig siek in hospital
Nico Koch - herstel na rugoperasie
Siena du Plessis - hospitaal

Rou:
Ons dink aan Bernard en Marike Visser wie se baba, Carina, oorlede is.

Dagboek

6 Maart - Aswoensdag
Diens elke halfuur tussen 18:00-20:00 in die Kapel

16 Maart - Phuket-uitreik
Span vertrek na Phuket

13 April - Herfsmakietie
Kontak louise@nghelder.co.za vir meer inligting

4 Mei - Huweliksverrykingskursus
Stuur jou kontakbesonderhede vir die kerkkantoor

Die week:

Dinsdag 5 Maart
06:00 Kom bid saam - Tent
17:45 Kantory oefen

Woensdag 6 Maart
Doopregistrasie sluit vir April dope
10:00 Kuier-talent
18:00 Aswoensdagdiens
18:30 Aswoensdagdiens
19:00 Aswoensdagdiens
19:30 Aswoensdagdiens
19:00 Belydenisgesprek

Donderdag 21 Februarie
08:45 Bybelstudie - Kapel
17:30 DC, S&P, GS en DC4K

Die volgende ouerpare doop op 3 Maart:

Klassiek
Hanno en Tammy de Toit met Tomas Johannes

Informeel
Daneël en Suzelle Cilliers met Lana
Matt en Marcelle Louw met Mikyle Jan
Rikus en Estalet Neethling met Mattheus Hendrikus
Greg en Marica Rowles met Luke David
Japie en Meagin van der Westhuizen met Wynand

Onthou as jy wil doop in April, kom registreer betyds by Grazie 021-851 5582 of ontvangs@nghelder.co.za

Gebed vir die week:

Here dankie vir die voorreg om die pad saam met U te loop al sukkel ons soms met die radikale eise van dissipelskap. Ons wil mos maar graag in beheer bly; wil U volg soos ons dit goeddink. Dankie dat ons onsself kan oorgee aan ‘n Goddelike terapie waarin U ons vorm en maak sodat ons met vryheid op pad met U kan wees. Here ons bid vir al ons politieke leiers op pad na die verkiesing op 8 Mei. Here mag dit in die praktyk waar wees dat ons ‘n land is wat erns maak om korrupsie, geweld en onreg aanspreek. Mag hier ‘n hernieude soeke kom na reg en geregtigheid, die aanvaarding van mekaar en respek vir lewe. Amen.

Aswoensdag

Woensdag 6 Maart in die Kapel, elke halfuur ‘n diens tussen 18:00-20:00
Aswoensdag is die begin van die veertig dae Lydenstyd. Lydenstyd is ‘n tyd van selfondersoek, gebed, skuldbelydenis, vas en ook diens aan ander. Deur dit alles berei ons ons voor vir Paasfees – die hoogtepunt van die kerklike jaar.

Die gebruik met Aswoensdag is dat die palmtakke van die vorige jaar se Palmsondag verbrand word, met olyfolie gemeng word en dan in die vorm van ‘n kruis op die voorkop van lidmate gevorm word met die woorde “mens, dink daaraan dat jy stof is en tot stof sal terugkeer”. As is egter nie net ‘n teken van ons verganklikheid nie, maar ook van boetedoening (vgl die gebruik om as op die kop te strooi as teken van berou). Daarom is die Aswoensdag ‘n geleentheid vir boetedoening en verootmoediging met die oog op die lydenstyd wat voorlê. Soms het mense hul sondes op papiertjies geskryf en dit saam met die palmtakke verbrand.

Die Aswoensdagdiens bestaan uit baie stilte, voorlesings en ruim tyd vir refleksie, met rustige sang/musiek. Almal is welkom om Lydenstyd vanjaar so met stilte en skuldbelydenis te begin.

Baie welkom aan die volgende nuwe lidmate:

Eugene Champion - La Rochelle
Maretha Champion - Kenridge
Marike Eksteen - Warmbad
Schalk en Deodi Fourie - Stellenbosch
Johan en Mariette Nel met hul dogter Michelle - Strand
Riaan Pretorius - Suider-Strand
Robert Robinson - Floridapark

Helderberg Seniorklub se byeenkoms vind plaas om 8:30 vir 9:30 op Dinsdag 5 Maart in die Tent.

Gail en Frank Reuvers neem ons met`n kleurvolle, kunsryke skyfieprogram saam op sommige van hulle vele wêreldreise.
Nuwe lede vir 2019 word verwelkom.
Besoekers betaal R20 en dit sluit tee en eetgoed in.

Kontakpersoon: Isabel Lubbe by 021-855 1528 of 082 844 0735

Belydenis van geloof

Die belydenisaflegging bestaan uit twee geleenthede:

- ‘n Intieme geleentheid in die Kapel waar die jongmense, hul ouers en/of familie saam nagmaal gebruik. Dié geleentheid vind plaas die Woensdag om 19:00 vòòr die Belydenissondag en
- die openbare belydenis van geloof in een van die eredienste.

Belydenisaflegging-Sondae	Gespreksgeleentheid om 19:00
10 Maart	6 Maart
19 Mei	15 Mei
11 Augustus	7 Augustus
27 Oktober	23 Oktober

Navrae kan gerig word aan Annette Botha, fbadmin@nghelder.co.za of 021-851 5582

Navrae: Annette Botha by 021-8515582 of fbadmin@nghelder.co.za

Kuier Talent

Het jy miskien ‘n behoefte om nuwe vaardighede te ontdek? Of wil jy jou besondere vaardigheid met ons kom deel? Ons verwelkom enige iemand met ope arms, ‘n vriendelike drukkie en ‘n warm koppie tee. Ons kuier een-keer per maand.

Kom geniet op **6 Maart** om 10:00 – 12:00 in die Tent ons eerste informele kuierwerksessie. Ons maak interessante kaartjies deur verskeie metodes te gebruik. Bring wat jy het, maar moenie iets gaan koop nie.

Benodigdhede: papier (verskillende kleure), skêr, potlood, uitveër, liniaal, *Pritt, Bostik clear*, inkleurpotlode, koki’s, waterverf, kraletjies (verskillende groottes), verskeie linte en enigiets anders.

Magdel Janse van Rensburg 082 400 0903 en Nellie de Klerk 072 348 6226

Walemera Orphan Care (WOC) Project

resulted from of Steven Tongole who excepted the calling of God to be His instrument as a shepherd in his community in Malawi, in the area of Walemera. Steven, an orphan himself, was touched by the situation in Walemera where many orphans live in difficult circumstances and surviving from people in the community who provide food and clothes.

We are blessed that since the project started in June 2018, God has provided for the project to send Steven and project member André to Malawi on a recognisance and outreach mission.

During this outreach they were overwhelmed by the friendly Malawians and community of Walemera, inspired by the more than 70 children, many orphans, in the Walemera Nursery School and fulfilled by the blessings when in dependence on God.
We are busy planning the next outreach in April and for this outreach we want to travel to Walemera with own vehicles to take with desperately needed clothes and educational materials. We also want to take with equipment to establish projects to provide for food for the children and community.

Our plants project, now managed by Sonel Badenhorst, is also “growing” hand over fist. The plants project is the first sub-project which drives one of our principles to be self-sustainable as the plants project generates funds but also give back through practicing organic methods, compost making and regeneration of soil.

Today we say thank you to God for His blessings, thank you Helderberg Gemeente for your prayers and support and offer you the opportunity to become His instrument and thereby experience fulfilment. You can do this by supporting Walemera Orphan Care Project by:

- Your prayers for the next outreach and 2019 objectives
- We still need trailers and another bakkie and driver to take us to Malawi in April
- Donations of clothes, educational materials are always welcome
- We plan to acquire a maize mill for the community in Walemera.
- The plants project is now regularly going to markets and we have established compost making and earthworm farms and any assistance is welcome
- Our long-term goal is a nursery school and it starts here with prayer, planning and support.

Steven Phiri Tongole
Cel: +27 62 035 9217
email: petrostongole@gmail.com

Roelof Louw
Cel: +27 82 467 4328
email: roelof.louw@gmail.com

Herfsmakietie

13 April van 9:00 tot 15:00

Daar is nog **verkope-tafels** beskikbaar teen R300 per tafel/staanplek. Ook kos– en drinkgoedstalletjies kan gedoen word. Jou tafel word bespreek met bewys van betaling aan louise@nghelder.co.za

Navrae: Louise Theron by 021-851 5582



Bring alles wat jy nie meer in jou huis wil hê nie vir ons **witolifant-tafel** na die kerkkantoor of kontak Maatjie by 021-855 3872 of 082 619 9040 en sy tel dit by jou huis op.

Kinder– en jeugboeke kan by die kerkkantoor afgegee word vir Uyavula se stalletjie.

Kompetisie

Wen ‘n pragtige **gehekelde kombers** (*queen size*). Kom koop jou kaartjie vir R30 by Ontvangs en kyk sommer self hoe pragtig dit is. Ten bate van Helderberg Uitreik se waar behoefte bestaan-fonds.

Wen ‘n **Woody Storecart** ter waarde van R1 400. Kaartjies by Ontvangs teen R50 elk. Ten bate van Sri Lanka-projek van Helderberg Uitreik.

Het jy behoefte om meer mense in die gemeente te leer ken? Word dan deel van ons kuiergroepe waar jy mense met dieselfde belangstellings, stokperdjies of sport kan ontmoet. Ons wil graag in April met die groepe wegspring en soek nog mense wat wil betrokke raak. Kry vandag nog jou vorm op die webblad of in die Tent en kyk waar jy kan inskakel.

Navrae – Corneille by 021-851 8852 of epos hellohelderberg@gmail.com

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Helderberg NG Gemeente
021-851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za
Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
berading@nghelder.co.za

Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A

ABSA Helderberg-tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Kerkkantoorure
Weeksdae: 08:00 - 16:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 13:00

SnapScan

Helderberg Gemeente

SnapScan

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Gesinne in nood in ons gemeente word finansieel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun. Dankie vir getroue bydraes. Lees meer op www.nghelder.co.za onder Bedieninge, Onderlinge Sorg, Versorgingsfonds

Versorgingsfonds

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*